SLINGERVEL

April 2019

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1007, April 2019

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

Lees meer oor die papirusplant op bladsy 12.

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Jakobus 2 – Blokkiesraaisel
9 Jakobus 2 – Woordsoek
10 Feeste in die Ou Testament – 4
11 2 Korintiërs 13:13
Wat beteken "'n nuwe blaadjie omslaan"?
12 Papirus
13 Volstruise
14 Inkleurprent – Manna in die woestyn
15 Vrug van die Gees
16 Oplossings – Blokkiesraaisel en Woordsoek
17 Tydlyn van die Nuwe Testament – 4
18 Wat kan ek lees?
20 Op hierdie dag in April

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter
Oom Abraham Krüger

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1007
April 2019

ISSN 0037 685 X

Redakteursbrief



Maats

’N KWART VAN DIE JAAR is verby. Die eerste kwartaal is iets van die verlede en nou moet ons die res van die jaar aanpak. Ek het al voorheen oor skoolwerk en prestasie geskryf, maar ek voel dat ons maar weer bietjie daaroor kan praat.

Toetse is nie lekker nie. Was nooit vir my lekker nie. Soms is die uitslae lekker – as jy hard geleer en goed gedoen het. Maar o wee – wat van ’n slegte punt? Wat van as juffrou of meneer sê mamma of pappa moet die toets teken? Jy ken daardie snaakse naarderige gevoel op jou maag … Dan moet ’n mens maar vir mamma of pappa in die oë kyk en …

Daar is twee dinge wat ek altyd my kinders gevra het: Wat is die slaagsyfer? En: Wat is die klasgemiddeld? Dis nou wanneer ek na hulle rapport gekyk het. Dan het ek geweet of hulle harder werk as die ander kinders in die klas …

Daar is ’n kerkliedjie met die titel: *The Little Drummer Boy*. Dis net ’n storie, maar daar is vir my ’n baie groot les in die storie. Dit gaan so:

Toe Jesus in Betlehem gebore is, het die kinders van Betlehem ook gehoor daarvan. Hulle het toe besluit om elkeen vir Hom ’n geskenkie te vat. Elkeen het die mooiste of oulikste speelding gekies om vir Hom te gee (onthou – daar was nie speelgoedwinkels nie – speelgoed is met die hand gemaak). So het elkeen na die stal toe gehardloop en gehoop hy of sy gee die beste geskenkie van almal. Een seuntjie was verskriklik arm. Hy het geen speelgoed gehad nie, behalwe ’n drom. Heel laaste gaan hy in die stal in. Mag hy speel? Gaan dit nie raas nie? Maria knik vir hom. “Speel maar!” Hy speel die beste ritme wat hy ken op die drom. Toe hy klaar is, is daar stilte in die stal. Dan draai die Baba en kyk na die seuntjie … en glimlag …

So wil die Here altyd hê dat ons ons beste moet doen met dit wat ons goed kan doen. Dit gaan nooit vir die Here oor geld of mooi dinge nie. Hy wil die mooi in ons sien en in wat ons doen!

Groetnis! SV

Little Drummer Boy: Lyrics

Come they told me, pa rum pum pum pum
A new born King to see, pa rum pum pum pum
Our finest gifts we bring, pa rum pum pum pum
To lay before the King, pa rum pum pum pum,
rum pum pum pum, rum pum pum pum,

So to honor Him, pa rum pum pum pum,
When we come.

Little Baby, pa rum pum pum pum
I am a poor boy too, pa rum pum pum pum
I have no gift to bring, pa rum pum pum pum
That's fit to give the King, pa rum pum pum pum,
rum pum pum pum, rum pum pum pum,

Shall I play for you, pa rum pum pum pum,
On my drum?

Mary nodded, pa rum pum pum pum
The ox and lamb kept time, pa rum pum pum pum
I played my drum for Him, pa rum pum pum pum
I played my best for Him, pa rum pum pum pum,
rum pum pum pum, rum pum pum pum,

Then He smiled at me, pa rum pum pum pum
Me and my drum.

Jakobus 2 – blokkiesraaisel

Maats

Verlede maand het ons Jakobus 1 gelees met die Blokkiesraaisel en Woordsoek. Hierdie maand is dit Jakobus 2. Onthou om die antwoorde van die blokkiesraaisel neer te skryf sodat jy dit in die Woordsoek kan opspoor. Die oplossing is op bl. 16.



LEIDRADE – DWARS

6. Ryk mense het sulke klere aan (2:2)
8. Moenie mense op hierdie oorwegings beoordeel nie (2:4)
11. Hierdie man het ou klere aan (2:2)
13. Dit belowe God vir die mense wat Hom liefhet (2:5)
14. Dit moet bevestig dat jy glo (2:14)
16. Dit het die rykes met julle gedoen (2:6)
17. Hierheen het die rykes julle gesleep (2:6)
18. Só behandel julle die armes (2:6)
20. Sê nou sy het nie kos of klere nie (2:15)
21. Barmhartigheid triomfeer hieroor (2:14)
22. Ragab het hulle weggesteek (2:25)
25. Hy is deur sy vader op die altaar gelê (2:21)
26. Dit doen jy as jy iemand op die uiterlike beoordeel (2:9)

LEIDRADE – AF

1. As jy hierdie wet hou, maar in een opsig struikel, is jy skuldig aan almal (2:10)
2. Ons geloof in Jesus Christus mag nie wees dat ons iemand hierop beoordeel met aanneming van hom nie (2:1)
3. Sê nou hy het nie kos of klere nie (2:15)
4. As die liggaam dit nie doen nie, is hy dood (2:26)
5. Die oordeel sal só wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie (2:13)
7. Moenie dat die arm man daar gaan staan nie (2:3)
9. Hier staan: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."
10. Dit het God met Abraham gedoen omdat sy geloof oorgegaan het in dade (2:23)
12. Moenie dat die arm man hier kom sit nie (2:3)
15. Hulle glo dat daar net een God (1:19)
19. Ons voorvader wat sy seun op die altaar gelê het (2:21)
23. 'n Man kan in die vergadering kom met hierdie goue versiering aan (2:2)
24. Só is geloof wat nie tot dade oorgaan nie (2:17)

Jakobus 2 – Woordsoek

V	E	M	K	E	D	A	U	T	R	G	D	E	M
V	O	G	G	F	D	O	B	L	E	D	N	O	S
T	E	E	I	N	O	R	O	R	E	O	R	B	B
F	I	R	T	T	I	H	E	D	A	N	Y	O	Y
I	E	U	K	E	F	T	L	E	U	H	S	P	I
R	A	R	B	E	D	E	G	H	K	E	A	O	V
K	A	S	I	E	N	A	D	A	G	R	N	M	D
S	Y	P	E	E	G	N	D	E	N	B	E	R	K
E	Y	R	L	M	K	T	E	E	A	I	E	V	E
R	H	E	K	S	H	S	I	R	F	T	M	T	E
P	H	H	Y	N	T	A	M	U	S	B	T	N	R
L	L	E	S	E	I	H	A	U	F	M	A	A	P
E	G	N	I	R	A	N	S	L	B	F	G	K	S
E	D	B	S	R	S	L	O	H	P	U	B	R	E
D	U	V	T	D	L	O	U	K	N	L	L	E	G
R	L	I	E	K	I	L	R	E	T	I	U	D	Y
O	G	P	I	I	B	D	A	I	H	B	J	N	R
O	T	M	R	A	D	N	A	R	B	B	U	A	V

Papirus

(In Wikipedia, die vrye ensiklopedie; https://af.wikipedia.org/wiki/Papirus)

Papirus is die oudste bekende papier wat reeds gedurende die vroeë geskiedenis van Egipte van die Siperse gras, 'n groot soort riet (*Cyperus papyrus*) (sien die foto op die bladsy hierlangsaan), gemaak is. Hierdie plant groei in die tropiese deel van Afrika, veral in die "Soed"-gebied van die Wit Nyl, die Nyldelta, Klein-Asië en Sisilië.

Die Egiptenare was die vernaamste verskaffers van papirus in die antieke wêreld. Die sagte merk van die riet is met 'n naald in dun, smal strepies gesny wat dig bymekaar gelê is. Dwarsoor hierdie eerste laag is 'n tweede gelê en daarna tot 'n enkele buigsame blad platgeslaan of gepers. Die plantesap wat hierby uittree, dien as 'n bindmiddel, as alternatief is ook meel en asyn gebruik.

Die blad (Latyns: *pagina* wat vandag nog die Nederlandse benaming vir "bladsy" is) is in die son gedroog en saam met ander blaaie tot 'n groot rol (Latyns: *volumen*, vergelyk Engels *volume* vir "band") van sowat ses tot tien meter aaneengeheg. Die bladsy waar die vesels horisontaal geplaas is volgens die loop van die letters, was reg om beskryf te word terwyl die ander nie geskik was as skryfmateriaal nie. Om dit later op te rol, is houtstafies gebruik waarop die onderste deel van die papirus vasgeheg is.

Papiri was nie juis handig vir skryf- en leeswerk nie. In die daaglikse lewe is eerder gebruik gemaak van los blaaie wat eers beskryf en later tot 'n rol saamgevoeg kon word. Leeswerk, veral die op- en toerol van 'n papirus, moes baie versigtig geskied om breuke te voorkom.

Papiri is geleidelik vervang deur perkamentcodices, en vanaf die vierde eeu – toe onder andere regsgeleerdes en Christene lang tekste nie meer met papiri kon handhaaf nie – geniet perkament die voorkeur.

Slegs papiri wat in die woestynsande van die Oriënt gekonserveer is, het tot vandag behoue gebly en is nou waardevolle bronne vir letterkundige tekste uit Egipte en die Hellenistiese wêreld.

- Die bladsy is laas op 16 Januarie 2019 om 11:29 bygewerk.
- Die teks is beskikbaar onder die lisensie *Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel*. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.

Volstruise

Tannie Ina Gous

Maats, lees Jesaja 43 in julle Bybel. Jesaja was 'n profeet van die Here, hy het veral klem gelê daarop dat die Here die sonde van Juda gaan straf.
In Jesaja 43:20 lees ons: “Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld ...”

oplossing blokkiesraaisel

oplossing woordsoek

Tydlyn van die Nuwe Testament

• Jesus se tweede bedieningsjaar •

Maats

Jesus het 'n besige tweede jaar gehad! Alles is nie vir ons opgeteken wat Jesus gedoen het nie. Johannes sê dat as hy alles moes neerskryf wat Jesus gedoen het, die wêreld nie genoeg boeke sou gehad het nie*.

Ons lees in Lukas 4:14 dat Jesus, nadat hy deur die duiwel versoek is, na Galilea teruggekeer het. Nasaret was in Galilea, en Hy het in Nasaret grootgeword.

Lukas 4 verhaal dan ook dat Jesus in die sinagoge (die Jode se woord vir hulle kerkgebou) gepreek het. Hy lees uit Jesaja (wat op een papirusrol geskryf is) en vertel aan die gemeente dat Jesaja van Hom geprofeteer het.

Sjoe – die mense het dit nie geglo nie! Almal het Hom geken. Hy het eers ná sy doop begin preek. Hulle het Hom almal geken as Josef en Maria se oudste seun – 'n timmerman! Hulle wou Hom met klippe doodgooi! Hy het bloot omgedraai en tussen hulle deurgestap. Toe het Hy in Kapernaum gaan woon.

Hier het Hy ook die meeste van sy dissipels geroep. Die meeste was vissermanne wat in die See van Galilea visgevang het.

'n Volgende saak wat vir ons opgeteken is, is die konflik wat Jesus met die kerkleiers gehad het oor die Sabbat. Hulle het verskriklik baie reëls gehad van magnies en moenies – en daar tel Jesus se dissipels koring op! Jesus verduidelik dat die Sabbat lekker moet wees vir die mens en nie 'n straf nie! Hulle het nie daarvan gehou nie!

Dan Jesus se "intreepreek". Dis die eerste en langste preek van Jesus wat vir ons opgeteken is – ons noem dit die Bergpredikasie of Bergrede.

Hier maak Jesus baie duidelik wat Hy kom preek het op aarde: Godsdiens is 'n leefwyse van hoe ons elke dag behoort op te tree.

Jesus doen ook baie wonderwerke. Die doel daarvan was om vir die mense te wys dat Hy nie maar 'n gewone mens was nie, maar dat Hy van God af kom. Dit is ook opvallend dat Jesus baie keer die mense verbied het om te vertel dat Hy die wonderwerke gedoen het.

In hierdie hele tyd het Jesus die 12 dissipels geleer. Hy het ook dat hulle mense doop. Aan die einde van hierdie jaar stuur Jesus die dissipels om dit wat hulle geleer het, aan die mense te vertel.

Ons kyk volgende keer na Jesus se derde bedieningsjaar. SV

* Ons moet nie dink aan die boeke soos vandag se boeke nie! Hulle het meestal op papirus (van die papirusplant) geskryf of op perkament, wat van diervel gemaak is. Dit was verskriklik duur! En baie skaars.

Johannes sê dus dat as hulle al die papirusrolle en al die perkamente dou gehad het wat op die oomblik beskikbaar was toe hy sy Evangelie neergeskryf het, dit nie genoeg sou gewees het nie.

Sien die artikel op bladsy 12 oor Papirus